Pioglitasoon word uitgebreid deur hidroksilering en oksidasie gemetaboliseer. Die sitochroom P450 speel 'n belangrike rol in die metabolisme van pioglitasoon. Die belangrikste sitochrome betrokke is CYP3A4 en CYP2C8. Die metaboliete word ook gedeeltelik na glukuronied- of sulfaatkonjugate omgeskakel. Metaboliete M-II en M-IV (hidroksiderivate van pioglitasoon) en M-III (keto-derivaat van pioglitasoon) is farmakologies aktief in dieremodelle van tipe 2 diabetes. Behalwe pioglitasoon, is M-III en M-IV die belangrikste middelverwante spesies wat na veelvuldige dosering in menslike serum gevind word. Teen platokonsentrasie, in beide gesonde vrywilligers en in pasiënte met tipe 2 diabetes, beset pioglitasoon ongeveer 30 % tot 50 % van die totale piek serumkonsentrasie en 20 % tot 25 % van die totale AOK.
Pioglitasoon, geïnkubeer uit menslike P450 of menslike lewermikrosome lei tot die vorming van M-IV en tot 'n baie kleiner mate, M-II. Die belangrike sitochroom P450 isovorms in die lewermetabolisme van pioglitasoon is CYP2C8 en CYP3A4, met bydraes van 'n verskeidenheid ander isovorms, insluitende die hoofsaaklik ekstrahepatiese CYP1A1. *In vitro* het ketokonasool tot soveel as 85 % van die lewermetabolisme van pioglitasoon teen 'n konsentrasie gelykmolaar aan pioglitasoon geïnhibeer. Pioglitasoon het nie P450-aktiwiteit geïnhibeer wanneer dit met menslike P450 lewermikrosoom geïnkubeer is nie. *In vitro* menslike studies om die induksie van CYP3A4 deur pioglitasoon te ondersoek, is nie uitgevoer nie.

Uitskeiding en eliminasie
Na orale toediening word ongeveer 15 % tot 30 % van die pioglitasoondosis in die urien herwin. Nierelimnasie van pioglitasoon is minimaal en die medisyne word hoofsaaklik as metaboliete en hul konjugate uitgeskei. Daar word vermoed dat die meeste van die orale dosis onveranderd, of as metaboliete in die gal uitgeskei en in die feses geëlimineer word.

Die gemiddelde serumhalfleeftyd van pioglitasoon en totale pioglitasoon wissel van 3 tot 7 ure en 16 tot 24 ure, respektiewelik. Pioglitasoon het 'n oënskynlike opruiming (CL/F) wat op 5 tot 7 L/uur bereken word.

Spesiale populasies
Onderwerkende nierfunksie:
Die serum eliminasiehalfleeftyd van pioglitasoon, M-III en M-IV bly onverander in pasiënte met matige (kreatinienopruiming van 30 tot 60 mL/min) tot erg (kreatinienopruiming < 30 mL/min) ingekorte nierfunksie in vergelyking met normale individue. Geen dosisaanpassing word in pasiënte met geringe tot matig ingekorte nierfunksie aanbeveel nie.

Onderwerkende lewerfunksie:
In vergelyking met normale kontroles, toon individue met onderwerkende lewerfunksie (Child-Pugh graad B/C) 'n ongeveer 45 % afname in gemiddelde piekkonsentrasies van pioglitasoon en totale pioglitasoon, maar geen verandering in die gemiddelde AOK nie.

Bejaardes:
In gesonde bejaarde individue is die gemiddelde piek serumkonsentrasies van pioglitasoon en totale pioglitasoon nie beduidend anders nie. Die AOK-waardes is egter effens hoër en die terminale halfleeftydwaardes effens langer as in jonger individue. Die aard van hierdie veranderinge word nie as klinies betekenisvol beskou nie.

Geslag:
Die gemiddelde K_{maks}- en AOK-waardes was 20 % tot 60 % hoër in vroue. In gekontroleerde kliniese proewe was hemoglobien A1c (HbA1c) afnames vanaf basislyn groter vir vroue as vir mans. Aangesien terapie vir elke pasiënt geïndividualiseer behoort te word om glukemiebeheer te kry, word geen dosisaanpassing volgens geslag alleen aanbeveel nie.

INDIKASIES
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS word aangedui as byvoeging tot dieet en oefening om glukemiebeheer in pasiënte met tipe 2 diabetes (nie-insulienafhanklike diabetes mellitus (NIADM), as monoterapie of in kombinasie met 'n sulfonielureum, metformien, of insulien wanneer dieet en oefening plus die enkel medisyne nie tot volkome glukemiebeheer lei nie.

KONTRA-INDIKASIES
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS word teenaangedui in pasiënte met:
- Bekende hipersensitiwiteit teen pioglitasoon of enige van die komponente van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS**.
- Ingekorte lewerfunksie met serumtransaminasevlakke wat 2,5 keer die boonste limiet van normale of aktiewe lewersiekte oorskry.
- Hartversaking of 'n geskiedenis van hartversaking.
- Swangerskap en laktasie
- Tipe 1 diabetes mellitus of diabetiese keto-asidose.
- Huidige blaaskanker of geskiedenis daarvan.
- Nie-ondersoekte makroskopiese hematurie.

Kinders: Die veiligheid en effektiwiteit van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in pediatriese pasiënte is nie vasgestel nie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Die monitering van lewerfunksie is noodsaaklik.
Serum ALT(alanientransaminase) behoort vóór die begin van terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in alle pasiënte geëvalueer te word, elke twee maande vir die eerste jaar van terapie, en dan periodiek daarna.

In alle kliniese proewe het 'n afname in HbA_{1c} met 'n beduidende gemiddelde toename in liggaamsmassa in pasiënte wat met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behandel is, op 'n dosisverwante manier gepaard gegaan.

Hipoglukemie:
Pasiënte wat **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in kombinasie met insulien of orale hipoglukemiemiddels ontvang, mag 'n risiko van hipoglukemie loop en 'n afname in die dosis van die meegaande medisyne mag nodig wees.

Ovulasie:
In pre-menopousale, anovulatoriese pasiënte met insulienweerstand, mag die behandeling met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** tot 'n hervatting van ovulasie lei. Hierdie pasiënte mag die risiko van swangerskap loop as voldoende geboortebeperking nie toegepas word nie.

Vloeistofretensie en hartversaking:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS kan beduidende plasmavolumevergroting en voorladinggeïnduseerde hipertrofie van die hart veroorsaak. **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan vloeistofretensie veroorsaak wanneer dit alleen of in kombinasie met ander antidiabetiese medisyne, insluitende insulien gebruik word. Vloeistofretensie kan tot hartversaking lei of dit vererger.
Wanneer pasiënte wat ten minste een risikofaktor vir die ontwikkeling van hartversaking het (bv. vorige miokardiese infarksie of simptomatiese koronêre slagaarsiekte, of bejaardes), behoort mediese praktisyns met die laagste beskikbare dosis te begin en die dosis daarna geleidelik te verhoog. Pasiënte behoort onder observasie gehou te word vir tekens en simptome van hartversaking, massatoename of edeem, veral diegene met beperkte hartreserwe. Nabemarkingsgevalle van hartversaking is aangemeld nadat **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in kombinasie met insulien gebruik is, asook in pasiënte met 'n geskiedenis van hartversaking. Pasiënte behoort vir tekens en simptome van hartversaking, massatoename en edeem geobserveer te word wanneer **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in kombinasie met insulien gebruik word. Aangesien insulien en **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** beide met vloeistofretensie geassosieer word, mag die meegaande toediening die risiko van edeem verhoog. Nabemarkingsgevalle van perifere edeem en hartversaking is ook in pasiënte aangemeld met die meegaande gebruik van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** en nie-steroïed anti-inflammatoriese middels, insluitende selektiewe COX-2 inhibeerders, aangemeld. **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behoort gestaak te word as enige agteruitgang van die hartstatus voorkom.

Bejaardes:
Die kombinasiegebruik saam met insulien behoort met sorg oorweeg te word weens die toenemende risiko van ernstige hartversaking.
Weens ouderdomsverwante risiko's (veral blaaskanker, frakture en hartversaking), behoort die balans van voordele teenoor die risiko's in bejaardes versigtig teen mekaar opgeweeg te word, beide vóór en gedurende behandeling.

Blaaskanker
Gevalle van blaaskanker is dikwels met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** aangemeld. Uit epidemiologiese studies het dit geblyk dat daar ook 'n klein toename in die risiko van blaaskanker in diabetiese pasiënte is wat met pioglitasoon, soos in **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS**, behandel is.
Risikofaktore vir blaaskanker behoort geëvalueer te word voordat behandeling met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** oorweeg word (risiko's sluit die volgende in: ouderdom, rookgeskiedenis, blootstelling aan sekere beroeps- of chemoterapeutiese medisyne bv. siklofosfamied of vorige bestralingsbehandeling in die bekkenarea).
Enige makroskopiese hematurie behoort ondersoek te word voordat met terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** begin word.
Pasiënte behoort aangeraai te word om so gou as moontlik hul dokter te raadpleeg wanneer makroskopiese hematurie of ander simptome soos disurie of urienaandrang gedurende behandeling ontwikkel.

Lewereffek:
In die lig van tiasolidinedioonklas effekte op die lewer is dit noodsaaklik dat pasiënte wat met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behandel word, periodieke monitering van lewerensieme ondergaan. Lewerfunksietoetse behoort ook vir pasiënte uitgevoer te word as simptome wat op disfunksie van die lewer dui voorkom, bv. naarheid, braking, buikpyn, moegheid, anoreksie en donker urien. As ALT na 2,5 keer hoër as basislyn styg, behoort behandeling gestaak te word. As geelsug waargeneem word, behoort **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** onttrek te word.
Terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behoort nie begin te word nie as die pasiënt kliniese bewyse van aktiewe lewersiekte toon, of as die ALT-vlakke 2,5 keer die boonste vlak van normaal oorskry. Pasiënte met matig verhoogde lewerensiemvlakke (ALT 1 tot 2,5 keer hoër as die boonste limiet van normaal) teen basislyn of enige tyd gedurende terapie, behoort geëvalueer te word om die oorsaak van die lewerensiemverhoging vas te stel. Inisiëring van of voortsetting met terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in pasiënte met matig verhoogde lewerensieme behoort met die uiterste sorg voort te gaan en sluit die toepaslike kliniese opvolg, wat meer gereelde lewerensiemmonitering insluit, in. As serumtransaminasevlakke verhoog is (> 2,5 keer die boonste limiet van normaal), of as die pasiënt geelsug het, behoort **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** onttrek te word.

Hematologie:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS mag afnames in hemoglobien en hematokrit veroorsaak. Gemiddelde hemoglobienwaardes het met 2 % tot 4 % in pioglitasoon behandelde pasiënte gedaal. Hierdie veranderinge het hoofsaaklik binne die eerste 4 tot 12 weke van terapie voorgekom en het relatief konstant daarna voortgeduur. Hierdie veranderinge mag verband hou met die toename in plasmavolume en kan nie noodwendig met enige beduidende hematologiese kliniese effekte geassosieer word nie.

Massatoename:
Dosisverwante massatoename is met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** alleen, asook in kombinasie met ander hipoglukemiemedisyne waargeneem. Die meganisme van massatoename is onduidelik, maar behels waarskynlik 'n kombinasie van vloeistofretensie en vetakkumulasie.

Makulêre edeem:
Die nuwe aanvang of agteruitgang van (diabetiese) makulêre edeem met 'n afname in visuele skerpheid is met die gebruik van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** waargeneem. Mediese praktisyns behoort die moontlikheid van makulêre edeem te oorweeg as 'n pasiënt 'n afname in visuele skerpheid aanmeld.

Ander:
'n Toename in die voorkoms van beenfrakture in vroue is in pasiënte op behandeling vir tot so lank as 3,5 jare aangemeld.
Sommige epidemiologiese studies wil op 'n soortgelyke toename in risiko in beide mans en vroue dui.
Die risiko van frakture behoort in die langtermyn sorg van pasiënte wat met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behandel word, oorweeg te word.

Dit is belangrik om pasiënte daarvan bewus te maak om by dieetinstruksies te bly en om hul bloedglukose en geglikosileerde hemoglobien gereeld te laat toets. Gedurende periodes van stres soos koors, trauma, infeksie of chirurgie mag die medikasiebehoeftes verander en pasiënte behoort herinner te word om dadelik mediese advies te kry.

Laboratoriumtoetse:
Lewerensiemmonitering is in alle pasiënte noodsaaklik vóór inisiëring van terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS**, asook periodiek daarna. Pasiënte wat ongewoon vinnige massatoename of edeem ondervind, of wat kortasemheid of ander tekens van hartversaking ontwikkel terwyl hulle op **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** is, behoort onmiddellik hierdie simptome aan hulle dokters te rapporteer.
Pasiënte behoort in kennis gestel te word dat bloedtoetse vir lewerfunksie elke twee maande vir die eerste jaar en periodiek daarna uitgevoer sal word. Pasiënte behoort aangesê te word dat hulle onmiddellik mediese advies moet inwin wanneer hulle onverklaarde naarheid, braking, buikpyn, moegheid, edeem, anoreksie ondervind en donker urien waarneem.

Effek op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS het geen of 'n minimale invloed op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik nie. Pasiënte wat visuele afwykings ondervind behoort egter versigtig te wees wanneer hulle bestuur of masjinerie gebruik.

Laktosewaarskuwing:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS bevat laktose. Pasiënte met seldsame voorkomende oorerflike kondisies van galaktose-intoleransie bv. galaktosemie, Lapp-laktasetekort, glukose-galaktose wanabsorpsie of fruktose-intoleransie behoort nie **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** te neem nie.
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS tablette bevat laktose wat 'n effek op glukemiebeheer in pasiënte met diabetes mellitus mag hê.

INTERAKSIES
Interaksies met ander middels
Orale voorbehoedmiddels:
Die toediening van 'n ander tiasolidinedioon met 'n orale voorbehoedmiddel wat etinielestradiol en noretindroon het die konsentrasie van beide hormone met ongeveer 30 % verminder, wat tot 'n verlies aan voorbehoeding mag lei. Die farmakokinetika van die medetoediening van pioglitasoon saam met orale voorbehoedmiddels is nie in pasiënte wat pioglitasoon en 'n orale voorbehoedmiddel gebruik, geëvalueer nie. Daarom behoort addisionele sorg ten opsigte van voorbehoeding geneem te word in pasiënte wat **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** saam met 'n orale voorbehoedmiddel gebruik.

Glipisied:
In gesonde vrywilligers het die medetoediening van pioglitasoon (45 mg een keer per dag) en glipisied (5 mg een keer per dag) vir sewe dae nie die platokonsentrasie farmakokinetika van glipisied verander nie.

Digoksien:
In gesonde vrywilligers het die medetoediening van pioglitasoon (45 mg een keer per dag) en digoksien (0,25 mg een keer per dag) vir sewe dae nie die platokonsentrasie farmakokinetika van digoksien verander nie.

Warfarien:
In gesonde vrywilligers het die medetoediening (45 mg een keer per dag) vir sewe dae en warfarien nie die platokonsentrasie farmakokinetika van warfarien verander nie. Boonop het pioglitasoon geen kliniese beduidende effek op protrombientyd wanneer dit aan pasiënte wat chroniese warfarienterapie ontvang, toegedien word nie.

Metformien:
In gesonde vrywilligers het die medetoediening van metformien (1000 mg) en pioglitasoon (45 mg) na sewe dae van pioglitasoon (45 mg een keer per dag) nie die farmakokinetika van 'n enkel dosis metformien verander nie. Die sitochroom P450 isovorm CYP3A4 is gedeeltelik verantwoordelik vir die metabolisme van pioglitasoon. Spesifieke formele farmakokinetiese interaksiestudies met pioglitasoon en ander medisyne wat deur hierdie ensiem gemetaboliseer word, soos eritromisien, kalsiumkanaalblokkeerders, kisapried, kortikosteroïede, siklosporien, HMG Ko-A reduktase-inhibeerders, takrolimus, triasolam, trimetreksaat, asook die inhiberende medisyne soos ketokonasool en itrakonasool is nie uitgevoer nie. *In vitro* wil dit voorkom asof ketokonasool die metabolisme van pioglitasoon beduidend inhibeer. Pasiënte wat ketokonasool saam met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** ontvang behoort meer dikwels vir glukemiebeheer geëvalueer te word

'n Inhibeerder van CYP2C8 (soos gemfibrosiel) mag die AOK van pioglitasoon vergroot en 'n induseerder van CYP2C8 (soos rifampisien) mag die AOK van pioglitasoon verlaag.

Daar word aangemeld dat die medetoediening van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** saam met rifampisien tot 'n 54 % afname in die AOK van pioglitasoon lei. Die **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** dosis mag moontlik, gebaseer op die kliniese respons wanneer rifampisien saam toegedien word, aangepas moet word.

Daar is aangemeld dat die medetoediening van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** saam met gemfibrosiel tot 'n 3-voudige toename in die AOK van pioglitasoon gelei het. Aangesien daar 'n potensiaal van dosisverwante newe-effekte met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** bestaan, mag 'n afname in die **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** dosis nodig wees wanneer dit saam met gemfibrosiel toegedien word.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Die veiligheid en effektiwiteit van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie (sien KONTRA-INDIKASIES).

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS behoort een keer per dag met of sonder 'n maaltyd geneem te word.
Die bestuur van antidiabetiese terapie behoort geïndividualiseer te word.

Monoterapie
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS monoterapie in pasiënte wat nie voldoende met dieet en oefening gekontroleer word nie, mag met 15 mg of 30 mg een keer per dag geïnisieer word. Vir pasiënte wat onvoldoende op die aanvanklike dosis **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** reageer kan die dosis met inkremente tot 45 mg een keer per dag verhoog word. Vir pasiënte wat nie voldoende op monoterapie reageer nie, behoort kombinasieterapie oorweeg te word.

Kombinasieterapie
Sulfonielureums:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS in kombinasie met sulfonielureums kan teen 15 mg tot 30 mg een keer per dag geïnisieer word. Die huidige sulfonielureumdosis kan voortgesit word met inisiëring van terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS**. As pasiënte hipoglukemie aanmeld, behoort die sulfonielureumdosis verminder te word.

Metformien:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS in kombinasie met sulfonielureums kan teen 15 mg tot 30 mg een keer per dag geïnisieer word. Met die inisiëring van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan met die huidige metformiendosis voortgegaan word. Dit is onwaarskynlik dat die metformiendosis weens hipoglukemie gedurende kombinasieterapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** aangepas moet word.

Insulien:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS in kombinasie met insulien kan teen 15 mg tot 30 mg een keer per dag geïnisieer word. Met die inisiëring van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan daar met die huidige insulien dosis voortgegaan word. In pasiënte wat **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** en insulien ontvang, behoort die dosis **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** of die insulien dosis verminder te word as die pasiënt hipoglukemie aanmeld of as die plasmaglukosekonsentrasie na minder as 5,5 mmol/l (100 mg/dl) daal. Gebaseer op die glukoseverlagende respons behoort verdere aanpassings op 'n individuele basis te geskied.

Maksimum aanbevole dosis:
Aangesien dosisse van meer as 45 mg een keer per dag nie bestudeer is nie, behoort die **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** dosis nie 45 mg een keer per dag te oorskry nie. Geen studies met meer as 30 mg een keer per dag in kombinasieterapie is uitgevoer nie. Dosisaanpassing in pasiënte met onderwerkende nierfunksie word nie aanbeveel nie.
Terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behoort nie geïnisieer te word as die pasiënt kliniese tekens van aktiewe lewersiekte of 'n toename in serumtransaminase (ALT meer as 2,5 keer die boonste limiet van normaal) aan die begin van terapie toon nie. Die monitering van lewerensieme word in alle pasiënte vóór inisiëring van terapie met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** aanbeveel, asook periodiek daarna. Geen data is beskikbaar oor die gebruik van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in kombinasie met 'n ander tiasolidinedioon nie.

NEWE-EFFEKTE
Kliniese newe-effekte wanneer **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** in kombinasie met sulfonielureums, metformien of insulien gebruik is, was oor die algemeen soortgelyk aan dié wat met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** monoterapie aangemeld is, met die uitsondering van 'n toename in die voorkoms van geringe tot matige edeem in die insulien kombinasiestudie. Geringe tot matige hipoglukemie is gedurende kombinasieterapie met sulfonielureums of insulien aangemeld.

In na-bemarkingsondervinding met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** is kongestiewe hartversaking in pasiënte beide met en sonder reeds bestaande hartsiekte aangemeld. In na-bemarkingsondervinding met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** is gevalle van hepatitis en verhogings van lewerensieme van tot 3 keer hoër as die boonste limiet van normaal aangemeld. Dit het baie selde met lewerversaking, met en sonder fatale uitkoms gepaard gegaan. Geen oorsaaklikheid is egter vasgestel nie.

Sisteem orgaanklas/ Newe-effekte	Frekwensie van newe-effekte per behandelingsregimen				
	Mono-terapie	Kombinasieterapie met: Metformien	Sulfonielureum	Metformien en sulfonielureum	Insulien
Infeksies en infestasies					
Boonste lugweg-infeksie	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels
Brongitis					Dikwels
Sinusitis	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels
Benigne, kwaadaardige en ongespesifiseerde neo-plasmas					
Blaaskanker	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels
Afwykings van die bloed- en limfsisteem					
Anemie		Dikwels			
Afwykings van die immuunstelsel					
Hipersensitiwiteit en allergiese reaksies	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend
Metaboliese en voedingsafwykings					
Hipoglukemie			Minder dikwels	Dikwels	Dikwels
Toename in eetlus			Minder dikwels		
Afwykings van die senuweestelsel					
Hipoëstesie	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels
Hoofpyn		Dikwels	Minder dikwels		
Duiseligheid			Dikwels		
Slaaploosheid	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels	Minder dikwels
Oogafwykings					
Visuele afwyking	Dikwels	Dikwels	Minder dikwels		
Afwykings van die oor en labirint					
Vertigo			Minder dikwels		
Hartafwykings					
Hartversaking					Dikwels
Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings					
Dispnee					Dikwels
Gastrointestinale afwykings					
Winderigheid		Minder dikwels	Dikwels		
Afwykings van die vel en subkutane weefsel					
Sweet			Minder dikwels		
Muskuloskeletale en bindweefsel-afwykings					
Beenfraktuur	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels
Artralgie		Dikwels		Dikwels	Dikwels
Rugpyn					Dikwels
Nier- en urienafwykings					
Hematurie		Dikwels			
Glukosurie			Minder dikwels		
Proteïenurie			Minder dikwels		
Reproduksiestelsel- en borsafwykings					
Erektiele disfunksie		Dikwels			
Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening					
Edeem					
Moegheid			Minder dikwels		
Ondersoeke					
Massatoename	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels	Dikwels
Toename in bloedkreatienfosfokinase				Dikwels	
Toename in melksuurdehidrogenase			Minder dikwels		
Toename in alanienaminotransferase	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend	Frekwensie onbekend

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
In die geval van oordosering behoort die toepaslike ondersteunende behandeling volgens die pasiënt se kliniese tekens en simptome toegepas te word.

IDENTIFIKASIE
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 15 mg:
Wit, ronde, plat, skuinskant, onbedekte tablet met 'ML86' op die een kant gedruk en ongedruk aan die ander kant nie.

PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 30 mg:
Wit, ronde, plat, skuinskant, onbedekte tablet met 'ML87' op die een kant gedruk en ongedruk aan die ander kant nie.

AANBIEDING
Kouevorm Alu/Alu stolpstrokie bestaande uit aluminiumfoelie gelamineer aan ge-oriënteerde poliamied aan een kant en gelamineer aan PVC as die vormingmateriaal aan die ander kant, met gewone aluminiumfoelie as die dekkingsmateriaal. Elke strokie bevat 10 tablette en 3 strokies word saam met 'n voubiljet in 'n karton verpak.
Grootmaat verpakking bestaan uit 'n wit plastiekhouer (HDPE), aan die mond geseël met aluminium en bedek met 'n HDPE skroefdeksel. Pakgroottes bestaan uit 30 tablette en 90 tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES
Bewaar by of onder 30 °C in die oorspronklike houer. Beskerm teen vog en humiditeit. Die stolpstrokies moet tot voor gebruik in die karton gehou word. Hou die HDPE-houer toe.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 15 mg:
46/21.2/0257
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 30 mg:
46/21.2/0258

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms) Bpk
Kantoorblok 1, Bassonia Estate Kantoorpark (Oos)
Cussonialryaan 1, Bassonia Rock, Uitbr. 12, Alberton
Suid Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
20 Maart 2018

INLIGTINGSBLAD VIR PASIËNTE

SKEDULERINGSTATUS

S3

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 15 mg (tablet)
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 30 mg (tablet)

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS te neem.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ook al het hulle dieselfde simptome.

WAT PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS BEVAT
Elke tablet bevat:
Pioglitasoonhidrochloried ekwivalent aan pioglitasoon 15 of 30 mg.
Ander bestanddele: Laktosemonohidraat, karboksimetielsellulose kalsium, hidroksipropielsellulose en magnesiumstearaat.
Bevat suiker (laktose).

WAARVOOR PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS GEBRUIK WORD
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS word gebruik om volwasse pasiënte met tipe 2 diabetes (ook nie-insulien afhanklike diabetes) in samewerking met 'n dieet- en oefeningsprogram te behandel om u bloedglukosevlakke te beheer. **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan alleen of saam met ander medisyne om diabetes te beheer (medisyne per mond geneem of insulien) geneem word wanneer dieet en oefening plus die enkel medisyne nie u bloedsuikervlakke voldoende beheer nie.

VOORDAT U PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS NEEM
MOENIE PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS neem nie:
- As u allergies teen pioglitasoon hidrochloried of enige van die bestanddele van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** is.
- As u aan nier- of lewerprobleme ly.
- As u vir hartversaking behandel word of onlangs 'n hartaanval gehad het, of erge probleme met u sirkulasie (soos skok) het, of as u aan asemhalingsprobleme ly.
- As u aan onbeheerde diabetes, met erge hiperglukemie (hoë bloedglukose), naarheid, braking, dehidrasie, vinnige massaverlies of keto-asidose ly. Keto-asidose is 'n kondisie waartydens substanse nl. ketonliggaampies in die bloed versamel wat tot diabetiese pre-koma kan lei. Simptome sluit maagpyn, vinnige en diep asemhaling, slaperigheid en 'n ongewone vrugtegeur van die asem.
- As u aan blaaskanker ly of gely het.
- As u bloed in die urien het en u dokter dit nog nie ondersoek het nie.
- As u swanger is of borsvoed.

PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS behoort nie aan kinders gegee te word nie.

Neem spesiale sorg met PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS:
Stel u dokter in kennis:
- Oor enige vorige of huidige mediese probleme.
- Oor enige risikofaktore vir hartsiekte.
- As u 'n familiegeskiedenis van hartsiekte het.
- Oor enige allergieë wat u het of gehad het
- As u aan 'n nier- of lewersiekte ly.

Terwyl u PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS neem:
- Gaan voort met u oefenings- en dieetprogram en laat u bloedsuiker gereeld toets terwyl u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem. U dokter sal u diabetes monitor en mag van tyd tot tyd bloedtoetse uitvoer om te verseker dat u niere en lewer normaal funksioneer.
- Monitor gereeld u bloedglukosevlakke as u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** saam met ander antidiabetiese medisyne soos 'n sulfonielureum of insulien neem. As u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** saam met ander medisyne vir diabetes neem, is dit meer waarskynlik dat u bloedsuiker laer as die normale vlak kan daal (hipoglukemie). U dokter mag moontlik die dosis van die ander medisyne verminder.
- As u 'n vrou is wat nie normaal ovuleer nie, bv. as u siste op u eierstokke (polisistiese ovariumsindroom) het, is daar 'n toename in die moontlikheid dat u weer mag begin ovuleer wanneer u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem. As dit by u die geval is, moet u die toepaslike voorbehoeding gebruik om die moontlikheid van 'n onbeplande swangerskap te vermy.
- Sommige pasiënte wat al lank aan tipe 2 diabetes ly en bejaardes kan hartversaking ontwikkel terwyl hulle **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem. Stel u dokter so gou as moontlik in kennis as u tekens van hartversaking soos ongewone kortasemheid of 'n vinnige toename in massa of plaaslike swelling (edeem) ontwikkel
- Die gebruik van anti-inflammatoriese middels saam met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan tot hartversaking en vloeistofretensie en swelling lei. Stel u dokter onmiddellik in kennis as u enige tekens van vloeistofretensie of swelling ondervind.
- Blaaskanker is minder dikwels in pasiënte wat **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem, ondervind. Tekens en simptome sluit bloed in die urien, pyn tydens urinering of urienood in. As u enige van hierdie simptome ondervind moet u u dokter so gou as moontlik in kennis stel.
- Stel u dokter in kennis as u simptome van naarheid, braking, maagpyn, moegheid, verlies aan eetlus, donker urien of geel verkleuring van die vel (geelsug) ondervind. U dokter sal u lewer toets en mag moontlik die behandeling met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** staak.
- U mag 'n afname in bloedtelling (anemie) ondervind - met simptome van moegheid, hoofpyn, kortasemheid tydens oefening, vinnige hartklop, moeite om te konsentreer, duiseligheid, beenkrampe, moeite om aan die slaap te raak en bleekheid.
- **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan tot massatoename lei
- **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan tot onduidelike gesig lei weens swelling (of vloeistofaansameling) aan die agterkant van die oog. As u hierdie simptoom vir die eerste keer ondervind, moet u so gou as moontlik u dokter raadpleeg. As u reeds aan onduidelike gesig ly, en die simptoom raak erger, moet u so gou as moontlik u dokter daarvan in kennis stel.
- **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** kan beenfrakture in beide mans en vroue veroorsaak. Stel u dokter onmiddellik in kennis as u 'n beenfraktuur ondervind.

Die neem van PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS saam met voedsel en vloeistof:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS kan met of sonder voedsel geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker vir advies nader voordat u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem.

PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS behoort nie gedurende swangerskap geneem te word nie.
Stel u dokter of apteker in kennis as u borsvoed of beplan om te borsvoed. **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** behoort nie geneem te word terwyl u borsvoed nie.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
As u simptome van hipoglukemie (lae bloedsuikervlakke met simptome van swakheid, duiseligheid, toename in sweet, vinnige hartklop, gesigsafwykings of moeite met konsentrasie ondervind terwyl u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem, behoort u nie te bestuur of met masjinerie te werk nie.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS:
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS bevat laktose. Pasiënte met die selde voorkomende oorerflike kondisies van laktose/fruktose- of galaktose-intoleransie behoort nie **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** te neem nie

Die neem van ander medisyne saam met PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS:

Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u enige ander medisyne gebruik. Dit sluit komplimentêre of tradisionele medisyne in.

Neem slegs ander medisyne terwyl u op **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** is as u dokter dit goedkeur. Stel u dokter in kennis as u enige van die volgende medisyne neem:
- Gemfibrosiel (gebruik om cholesterol te verlaag).
- Rifampisien (gebruik om tuberkulose en ander infeksies te behandel).
- Orale voorbehoedmiddels (bykomende voorbehoedende maatreëls behoort getref te word terwyl u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** gebruik).
- Anti-inflammatoriese medisyne saam met **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS**. Dit mag nodig wees om meer gereeld bloedglukosetoetse te ondergaan of u dokter mag besluit om die **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** dosis aan te pas.

HOE OM PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS TE NEEM

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enigiemand anders deel nie. Neem **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

U dokter sal u in kennis stel oor hoeveel **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** om te neem en vir hoe lank u dit moet neem
Neem **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** met of na 'n maaltyd.
Moenie die tablette breek of kou nie. Sluk elke tablet met 'n glas water.
Die gewone aanvangsdosis is een tablet van 15 mg of 30 mg **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** wat een maal daagliks geneem moet word. Jou dokter kan die dosis tot 'n maksimum van 45 mg een keer per dag verhoog.

As u vergeet het om PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS te neem:
Dit is belangrik om die dosis **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** op dieselfde tyd elke dag te neem. As u vergeet het om 'n dosis **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** te neem, moet u dit sodra u daarvan onthou, neem. As dit agter byna tyd vir die volgende dosis is, slaan die oorgeslaande dosis oor en gaan met die gereelde doseringskedule voort. Moenie die dosis verdubbel om vir 'n oorgeslaande dosis op te maak nie

As u ophou om PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS te neem:
Moenie ophou om **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** te neem net omdat u beter voel nie. Dit is belangrik dat u aanhou om **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** te neem vir solank as wat u dokter dit voorskryf.

As u te veel PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS neem:

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS kan newe-effekte hê:
Nie al die newe-effekte wat vir **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker vir advies raadpleeg.

As enige van die volgende met u gebeur moet u met die gebruik van ***PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS*** *staak en onmiddellik u dokter raadpleeg of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:*
- Skielike tekens van allergie - insluitende veluitslag, jeuk of urtikarie, swelling van die gesig, lippe of tong, kortasemheid of moeite met asemhaling.
- Hartversaking. Stel u dokter so gou as moontlik in kennis as u tekens van hartversaking soos ongewone kortasemheid of 'n vinnige massatoename of plaaslike swelling (edeem) ondervind.
- Blaaskanker. Tekens en simptome sluit die volgende in: bloed in u urien, pyn tydens urinering, urienood. As u enige van hierdie simptome ondervind, moet u so gou as moontlik u dokter in kennis stel.

Die bogenoemde is almal ernstige newe-effekte wat minder dikwels voorkom. U het moontlik dringende mediese hulp of hospitalisering nodig.

As enige van die volgende gebeur, stel onmiddellik u dokter in kennis of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal:
- Hipoglukemie - Lae suikervlakke (glukose) in die bloed, veral as u **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** saam met ander antidiabetiese medisyne soos 'n sulfonielureum of insulien neem. Simptome mag die volgende insluit: sweet, swakheid, bewerasie, hoofpyn, hittegloede of bleekheid, gevoelloosheid of vinnige, bonsende hartklop.
- Onduidelike gesig weens swelling (of vloeistof) aan die agterkant van die oë.
- Abnormale lewerfunksietoetse of hepatitis (inflammasie van die lewer: dit mag moegheid, verlies aan eetlus, massaverlies met of sonder geel verkleuring van die vel of oë). As dit gebeur, moet u met die gebruik van **PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS** ophou en u dokter in kennis stel.
- Beenfraktura.

Stel u dokter in kennis as u enige van die volgende waarneem:
Dikwels voorkomende newe-effekte:
- asemhalingsinfeksie
- gevoelloosheid
- hoofpyn
- duiseligheid
- onduidelike gesig
- kortasemheid
- afname in die rooibloedselteling (anemia)
- winderigheid
- gewrigspyn
- rugpyn
- bloed in die urien
- impotensie
- swelling van die arms en bene (edeem)
- massatoename

Minder dikwels voorkomende newe-effekte:
- inflammasie van die sinusse (sinusitis)
- toename in eetlus
- draaigevoel (vertigo)
- sweet
- moegheid (please check english copy - duplication)
- laboratoriumtoetse mag die volgende toon: suiker in die urien, proteïene in die urien, toename in ensieme.

OPBERGING EN WEGDOEN VAN PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS
Bewaar by of onder 30 °C (kamertemperatuur) in die oorspronklike houer. Beskerm teen vog en humiditeit. Die stolpstrokies moet tot voor gebruik in die karton gehou word. Hou die HDPE-houer toe.
HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug. Moenie ongebruikte medisyne in die riolering (bv. toilet) wegdoen nie

AANBIEDING
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS
Kouevorm Alu/Alu stolpstrokie bestaande uit aluminiumfoelie gelamineer aan ge-oriënteerde poliamied aan een kant en gelamineer aan PVC as die vormingmateriaal aan die ander kant, met gewone aluminiumfoelie as die dekkingsmateriaal. Elke strokie bevat 10 tablette en 3 strokies word saam met 'n voubiljet in 'n karton verpak.
Grootmaat verpakking bestaan uit 'n wit plastiekhouer (HDPE), aan die mond geseël met aluminium en bedek met 'n HDPE skroefdeksel. Pakgroottes bestaan uit 30 tablette en 90 tablette.

IDENTIFIKASIE
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 15 mg:
Wit, ronde, plat, skuinskant, onbedekte tablet met 'ML86' op die een kant gedruk en ongedruk aan die ander kant nie.
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 30 mg:
Wit, ronde, plat, skuinskant, onbedekte tablet met 'ML87' op die een kant gedruk en ongedruk aan die ander kant nie.

REGISTRASIENOMMER
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 15 mg:
46/21.2/0257
PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 30 mg:
46/21.2/0258

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
MACLEODS PHARMACEUTICALS SA (EDMS) BPK
Kantoorblok 1, Bassonia Estate Kantoorpark (Oos)
Cussonialryaan 1, Bassonia Rock, Uitbr. 12, Alberton
Suid Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE
20 Maart 2018

MASTER COPY

MACLEODS

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

1. Product: PIOGLITAZONE HYDROCHLORIDE TABLETS MACLEODS 15 mg / 30 mg	
2. Country: South Africa	3. Packaging component: Package insert & Patient Information Leaflet
4. No. of Colours: 1 Colour	5. Pantone Shade No.: Black
6. Specification: 40 gsm bible paper	
7. Machine Layout No.: NA	8. Dimensions: 435 x 490 mm
9. Design / Style: Booklet type	10. Item code No.: PM02864001
11. Artwork has been made: Actual Size	12. Pharma code No.: 19903 mini
13. Barcode/NDC no: NA	14. Supersedes Item code No: NA
15. Revision no: 00	16. File Name : ZAMRA Regulatory\South Africa\Pioglitazone\Pioglitazone PI & PIL Combo\PM02864001.cdr
Approved By:	17. Location: Baddi

PRD	M.A. HOLDER	MEDICAL/RAD	QC	PRODN	QA
10/10/18	Shehaboodeen Chorfany	10/10/18	15/10/18	15/10/18	15/10/18

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

FRM/CQA/021/04-01

Reason for revision :	Item code	Artwork Release Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM02864001		

UNCONTROLLED COPY